# Hoërskool Transvalia

60
1958 - 2018

Tel: (016) 932-1155/6
Finansies: (016) 932-1176
Faks: (016) 932-5252
E-Pos: valia@hstransvalia.co.za
Webblad: www.hstransvalia.co.za

Posbus 12012
LUMIER
1905
H/v Schumann & Bach str.
Vanderbijlpark S.W. 5

Verwysing: ........................................

2021.09.16

**OUER-OMSENDBRIEF NO 6 VAN 2021**

Geagte Ouer / Voog

**PUBLIEKE VAKANSIEDAG : VRYDAG 24 SEPTEMBER**
Op 23 September sluit die skool om 13:00 vir die langnaweek.

**VRAESTEL 3 AFRIKAANS EN ENGELS (GR 8 TOT GR 11)**
Ouers moet asb daarop let dat Vraestel 3 vir die November-eksamen reeds op 30 September (Engels Eerste Addisionele Taal) en 1 Oktober (Afrikaans Huistaal) geskryf word. Geen vervroegde vakansiereëlings kan toegestaan word nie. Indien 'n leerder hierdie skryfdatums misloop sal hy/sy geen punte verdien nie. Slegs doktersbriewe word aanvaar vir afwesigheid.

**TOERISME GR 10 EN 11 : PAT ASSESSERING**
Hierdie opdrag word geskeduleer vir 28 September (heeldag in die saal) en gaan voort op 30 September ná afloop van vraestel 3, indien dit nog nie afgehandel is nie.

**OKTOBERVAKANSIE : 1 – 11 OKTOBER**
Die skool sluit vir die Oktobervakansie op 1 Oktober om 11:00 en open weer op 11 Oktober.

**FOTODAE : 11-15 OKTOBER (Spesifieke dag sal afgekondig word)**
Leerders moet asb groep- en/of spandrag saambring skool toe.
Slegs groep-en spanfoto's sal geneem word.



5563 ONS Print: 0861 667 123

**BEGROTINGSVERGADERING : 18 OKTOBER**

Die ouervergadering vir die goedkeuring van die begroting vir 2021 vind plaas op 18 Oktober om **18:00** in die skoolsaal. Almal word hartlik uitgenooi om die geleentheid by te woon.

**PUNTEVERSLAG DERDE KWARTAAL : 20 OKTOBER**

Gr 8 tot 11 leerders ontvang hul toetsverslae vir die derde kwartaal op 20 Oktober in hul voogklasse. Die graadr 12 leerders ontvang hul rapporte vir die rekordeksamen ná die erediens wat om 18:00 begin.

**PRYSUITDELING : 20 OKTOBER**

Graad 8 tot 12 ouers word hartlik uitgenooi na die prysuitdeling op ***20 Oktober om 19:15*** by Kompasgemeente.

**EINDEKSAMEN**

Tentatief begin die eksamen vir ***graad 10 en 11 op Maandag 25 Oktober*** en ***vir graad 8 en 9 op 3 November***. 'n Eksamenrooster sal eers uitgegee word wanneer alle inligting van departementele vraestelle beskikbaar is. Leerders moet betyds leer en nie wag vir die rooster nie.

Die skool sluit vir die jaar op ***15 Desember*** en leerders ontvang dan hul rapporte.

Baie dankie weereens aan elkeen van ons ouerkorps vir jul ondersteuning en goeie gesindheid jeens ons skool.

Valia-groete.

..................................................

J R Venske
HOOF